LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

08-04-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 12 VIR 2019

LEES ASB. ➜ BELANGRIKE INLIGTING

10 April	Koningskinders - 16:00 - 17:00	Gereformeerde kerk

1 **MINI-NETBAL:**
Oefeningtye bly dieselfde, tensy ons u anders laat weet.

2 **NETBAL**:
- Oefeningtye vir die week is soos dit deurgegee is aan leerders.
- Dinsdag en Donderdag is daar wedstryde tuis.

.

3 **♬ KOOR ♬:**
Daar is kooroefening vir die Juniors en Seniors die week.

GILBERT

4 **RUGBY**:
- Oefening vir al die spanne hervat weer Dinsdag, 9 April 2019.
- Bulletjie-rugby oefen Woensdag, 17:00 -18:00.
- Donderdag, rugby teen Vryheidsmonument, tuis.
- 0/12 en 0/13 seuns - Maandag, 8 April, Vereenigingproewe - Sterkte!

5 **KRIEKET**:
1ste span proewe op Vrydag, 26 April 2019 om 13:30 -15:30.



6 **"SPREEKKOOR" - GRAAD 1 EN 2:**
Oefening begin Maandag, 8 April 2019 in Juf. Monica se klas vanaf 13:00 - 13:30.
Almal moet asb. daar wees.

7 **OUERAAND**:

- Maandag, 8 April 2019 vanaf 15:30 tot 17:00 'n oueraand. Personeel het afsprake met ouers gereël. Ouers word versoek om asb. stiptelik te wees.
- Daar is vanaf 17:00 tot 19:00 geleentheid vir ouers om die personeel in hulle klasse te sien.

8 **KLEUTERATLETIEK**:

Vanjaar vind ons Kleuteratletiek plaas op Saterdag, 13 April vanaf 08:00 - ±11:30. U is almal baie welkom.

9 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD**

Suikerbosrand se eerste gedeelte vind plaas op 27-30 Mei asook op 3-7 Junie 2019. Inskrywings sluit 1 Mei 2019 vir Afdeling A (Afr en Eng gedigte) en Afdeling B (Redenaars en Spreekkuns) en inskrywingsgelde beloop R40. Inskrywingsvorms sal vanaf 8 April 2019 by Juf. Lizelle beskikbaar wees. Inskrywings, met die korrekte bedrag per item in 'n koevert, word in die finansieskantoor in 'n boks ingehandig.

10 **HEIDELBERG EISTEDDFOD**

Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 15-27 Julie 2019. Inskrywings is beskikbaar by Juf. Madeleine vir almal en sluit op 31 Mei 2019. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywings, met die korrekte bedrag per item in 'n koevert, word in die finansieskantoor in 'n boks ingehandig. Elektroniese inbetalings kan ook gedoen word: Heidelberg Eisteddfod - Rek nr.: 335893724 - Standardbank - Heidelbergtak

11 **SKAAK**:

Woensdag, 10 April, skaak oefening: Junior - 15:00 - 16:00 en Seniors 16:00 - 17:00.

12 **LEESFEES**:

- Boek Buddies kom 'n vertoning lewer op 18 April 2019 - Juniors om 11:00 en Seniors om 12:00.

- Koste beloop R15 per leerder.
- Gelde moet asb. so spoedig moontlik by register onderwyser inbetaal word.
- Leerders mag op daardie dag soos hul gunsteling storieboek-karakter aantrek.
- Daar is 3 pryse vir leerders in elke graad, wat hul storieboek-karakters die beste uitbeeld.

13 **REVUE 2019:**

Revue vind vanjaar plaas op 14-18 Oktober 2019. Ons moedig massadeelname aan. Koste per leerder beloop R200, wat voor 14 Junie 2019 by die registeronderwyser inbetaal moet wees. Vul asb. die toestemmingsbrief in en stuur terug voor 5 April 2019.

14 **GRAAD 6 OUER-INLIGTINGAAND:**

Al die Graad 6 ouers word versoek om Woensdag, 10 April om 18:00 by die skool 'n Ouer-Inligtingsaand by te woon, rakende die Leierkonsep en Kultuuraand van 2020.

15 **ATKV**:
Baie sterkte aan die leerders wat Vrydag en Saterdag deelneem aan die eerste rondte van die ATKV-redenaars.

16 VOLKIE-DRAMAKLUB:

Dié dramaklub is slegs vir Graad 4-7 leerders. Inskrywingsvorms is by Juf. Madeleine. Ons eerste kontaksessie is Woensdag, 24 April om 15:30 in die skoolsaal.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF